**Woensdag 21 Junie**
**Skrifgedeelte: Psalm 127**
**Fokusgedeelte: Psalm 127**
**Ons as gesin ... Geseënd!**

Die Here se kinders is op reis na Jerusalem. Op pad sing hulle hierdie pelgrimslied (Ps. 127) en besin hulle oor hulle lewe: Wanneer is ons as gesin geseënd?

Is dit wanneer ons saam-hard-werk en saam-iets-opbou? Is dit wanneer ons versigtig en nougeset leef en bymekaar maak? Is dit wanneer ons soos Salomo vir die koningin van Skeba kan wys: Kyk, hier is my paleis, die kos op my tafel, my bediendes, die indrukwekkende tempel, die brandoffers wat ek daar bring (1 Kon. 10) ... en selfs my 1000 (by)vroue en al my kinders!

Deur Salomo sê die Here: Op sigself wys al hierdie dinge niks! Alles wat ons as gesin bymekaar maak en doen en oppas het geen waarde nie ... BEHALWE as die Here dit bou en beskerm!

Wanneer bou en beskerm die Here? As ek op Hom fokus voor ek met my werk begin? As ek sy wil doen terwyl ek alles nougeset versorg? Néé, want dan bly dit ék en óns ... wat ék en óns doen! Maar ... mý bouwerk bly altyd brouwerk ... vol sonde ... tevergeefs!

Die Here egter bou en beskerm ... wanneer Hy Hom oor my en oor ons as gesin ontferm ... wanneer Hy in sy genade ewigheidswaarde aan ons as gesin en ons lewe toeken ... wanneer Hy in sy vergewende genadeliefde TOG JA SÊ vir ons gebroke b(r)ouwerk – én vir ons as gebroke mense!

As gesin is ons dus geseënd wanneer die Here met sy oë vol genade-liefde na ons kyk en sy sagte-liefde hande oor ons uitstrek en deur SY Gees ons gesinskoker vul met kinders (én ouers!) wat biddend-afhanklik na Hom opkyk en sê: Here, ons elkeen, ons leef nét uit u genade!

*Sing: Skrifberyming 19-1*

*Ds. PW Kurpershoek (Pieter) (Middelburg, Mpumalanga)*